# Wanneer **verslawing** jou in sy greep kry ...



bybelgenootskap
van suid-afrika

## God maak jou vry

Alkohol- en dwelmmisbruik is niks nuuts nie. Die Bybel praat op talle plekke oor die effek van drankmisbruik wat eweneens geld vir dwelmmisbruik. Salomo, die skrywer van Spreuke waarsku:

> Wyn maak jou ligsinnig, drank laat
> jou lawaai maak;
> niemand wat van dronkenskap
> slinger, is verstandig nie.

Spreuke 20:1

## Dwelm- en drankmisbruik lei tot skandelike gedrag

Die verhaal van Lot en sy dogters is ’n voorbeeld van hoe alkohol morele waardes afbreek en skandelike gedrag aanmoedig:

Die oudste dogter het vir die jongste gesê: “Pa is oud. Hier rond sal ons nie op die gebruiklike manier mans kry nie. Kom ons maak vir Pa dronk en dan slaap ons by hom sodat ons by hom kinders kan hê.”

Daardie nag het hulle hom dronk gemaak, en die oudste dogter het met hom gemeenskap gehad. Hy het nie besef dat dit sy is wat by hom kom lê en daarna opstaan nie.

Genesis 19:31-33

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**

## Te veel oggende met 'n babelas en 'n nadors?

... dit voel of jy op die oop see lê,
of jy bo-op 'n seilskip se touwerk lê,
en jy dink:
ek het dan nie seergekry toe hulle
my geslaan het nie;
ek het nie gevoel toe hulle my
aangeval het nie!
Wanneer word ek wakker?
Ek wil maar weer iets gaan soek om
te drink. Spreuke 23:34-35

## Tyd om halt te roep

Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.
Efesiërs 5:15-16

## Vertrou op God, nie op dwelms

"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."
Matteus 5:3

## Jy behoort aan God

... julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. 1 Korintiërs 6:20

## Hou jou oog op die wenstreep

Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.
Filippense 3:13

## God bemagtig jou om een dag op 'n slag vol te hou

Dit is Hy …
wat my die goeie in oorvloed
laat geniet,
my die jeugdige krag van die
arend skenk. Psalm 103:3a,5

## God maak alles nuut

Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens.
Die oue is verby, die nuwe
het gekom. 2 Korintiërs 5:17

## Onthou!

Dis nie die verlede nie, maar wat jy met die toekoms maak wat tel.

**Vir hulp met verslawing skakel:**
Alkoholiste Anoniem by 0861 435 722
Narkotika Anoniem by 083 900 6962
SANCA by 0861 472 622

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
Bybels en Oudiobybels is op die **BibleSA-app** beskikbaar.